**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening Nr. : 277/2006

In die hersiening tussen:

**DIE STAAT**

*versus*

**ALBERT MOTSAMAI**

---

**CORAM:** VAN DER MERWE R *et* MILTON WND R

---

**UITSPRAAK DEUR:** VAN DER MERWE R

---

**GELEWER OP:** 11 MEI 2006

---

[1] Die beskuldigde is tereg daaraan skuldig bevind dat hy ter oortreding van die bepalings van artikel 5(b) van Wet Nr. 140 van 1992 handel gedryf het in 1,365 kg dagga. Hy is vervolgens gevonnis tot ‘n boete van R1 000,00 of by wanbetaling 1 (een) jaar gevangenisstraf en daarbenewens ‘n verdere 2 (twee) jaar gevangenisstraf wat in die geheel

voorwaardelik opgeskort is vir 5 (vyf) jaar.

[2] Die beskuldigde is ‘n eerste oortreder. Hy het by die verhoor skuldig gepleit en was klaarblyklik openhartig met die hof, deurdat hy erken het dat hy dagga vanaf Lesotho verkry het met die bedoeling om dit te verkoop en dat hy die onderhawige dagga in sy besit gehad het vir daardie doel. Hy is werkloos, maar het ‘n vrou en twee jong kinders. Hy het gesê dat hy die dagga verkoop ten einde kos en klere vir sy kinders te verskaf.

[3] Daar kan in die omstandighede van hierdie saak geen fout gevind word met die boetevonnis van R1 000,00 nie. Dit kom gepas voor. Die alternatiewe gevangenisstraf van 1 (een) jaar en die 2 (twee) jaar opgeskorte gevangenisstraf is na my oordeel buite verhouding met die opgelegde boete en buitensporig swaar in lig van die relatief klein hoeveelheid dagga betrokke. Na my mening is alternatiewe gevangenisstraf van 3 (drie) maande en ‘n opgeskorte termyn van gevangenisstraf van 6 (ses) maande gepas in al

die omstandighede van hierdie saak.

[4] Gevolglik word die skuldigbevinding bekragtig, maar word die opgelegde vonnis tersyde gestel en vervang met ‘n boete van R1 000,00 of 3 (drie) maande gevangenisstraf asook ‘n verdere 6 (ses) maande gevangenisstraf wat in geheel opgeskort word vir 5 (vyf) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word aan oortreding van artikel 5(b) van Wet Nr. 140 van 1992 gepleeg gedurende die tyd van opskorting nie.

**C.H.G. VAN DER MERWE, R**

Ek stem saam.

**D. MILTON, WND R**

/sp